

Stap 5: Taakdefinisie

Onder die opskrif Taakdefinisie gaan jy in jou eie woorde moet beskryf wat die probleem is wat jy ondersoek en waarom jou ondersoek gaan. Maak seker as jy onder die opskrif *Taakdefinisie* begin tik dat jou *Styles* op *Normal* gestel is sodat jy nie vêrder in heading styl tik nie. Die taakdefinisie moet so tussen 150 en 200 woorde gewoonlik wees, maar dis regtig eintlik maklik om daarby uit te kom as mens eers begin verduidelik wat jy gaan doen.

Begin jou Taakdefinisie met: *Ek gaan....* en beantwoord dan die volgende “vrae” in paragraafstyl:

1. Wat is die probleem/tema?
2. Waarop gaan jy fokus in die taak? (3 hoof idees)
3. Hoe gaan jy dit ondersoek?
4. Vir wie sal dit gepas wees om aan voor te lê / aan te bied?
5. In watter formaat gaan jy alles aanbied?

NB! Moenie hier enige oplossings/wenke/raad al gee nie. Dit gaan in fase 3 by jou aanbevelings kom. 10

Voorbeeld van 'n taakdefinisie

Ek gaan in hierdie PAT die huidige Covid19 pandemie ondersoek.

Ek gaan spesiale fokus plaas op die simptome om die simptome te eien op 'n persoon, die impak wat dit op Suid-Afrika se ekonomie het en hoe kan mens positief bly tydens die pandemie.

Ek gaan gebruik maak van verskeie internetbronne, tydskrifte, koerante, video's en opnames.

Hierdie inligting sal gepas wees vir persone tussen die ouderdom van 20 en 60 wat nog deel is van die Suid-Afrikaanse ekonomie, bang is dat hul moontlik siek kan word en probeer positief bly in hierdie tyd.

Ek gaan deeglike navorsing doen en dit in 'n verslag aanbied tydens fase 1, asook vraelyste opstel en uitstuur en dit dan analiseer en verwerk in 'n sigblad en databasis in fase 2. Alle gepaste inligting gaan ook op 'n webtuiste aangebied word in fase 3.

Stap 6: Fokusvraag

Skryf jou fokusvraag (hoofvraag) neer deur die essensie en fokus van jou ondersoek te bepaal en dit dan in 'n vraagvorm om te skakel.

Dit moet:

- ❖ 'n Enkele sin wees (nie twee vrae of 'n paragraaf nie)
- ❖ Duidelik verwoord wees, bondig en navorsbaar, en moet die fokus van die ondersoek noukeurig binne die groter kwessie/geleentheid beskryf
- ❖ Duidelik verband hou met die fokuspunt/die fokuspunt wees van die kwessie/geleentheid wat jy gekies het

Hou die volgende faktore in gedagte:

- ❖ Sal jy in staat wees om die vraag te ondersoek?
- ❖ Sal jy dit in jou beskikbare tyd kan doen?
- ❖ Sal jy in staat wees om dit te beantwoord met die bronne wat tot jou beskikking is?

Onthou ook:

- ❖ Dit moet die leser presies in EEN sin vertel waarom jou ondersoek handel en waarop jy fokus
- ❖ Dit moet jou gefokus hou en nie laat afdwaal na ander onderwerpe of opinies nie
- ❖ Hou dit eenvoudig en duidelik